# Tyd in die Bybel.

**Maandag 10 Oktober 2022**

**Lees: Ps 31:6,15,16**

**6** “In u hande gee ek my lewe oor, want, Here, troue God,
U het my vrygemaak.” Ps 31:6
**15** “Maar ek vertrou op U, Here, ek sê: U is my God.
**16** **My tye is in u hand**. Red my uit die hande van my vyande en vervolgers!”

Dawid bely hier sy ***onvoorwaardelike*** oorgawe aan God.
Hy gee sy lewe oor aan God.
Hy vertrou totaal en al, volkome op God.

- **WANT GOD IS GETROU!**

Dawid vertrou so volkome dat Hy bely, **“My tye is in u hand…”**

**1 Dawid bely dat sy tye is in God se hande.**

Die ***verlede, hede en toekoms*** is in God se hand.
God is met hom besig gewees en is nou besig en sal altyd besig wees met hom.

Vir Dawid was dit nie altyd maklik nie.
In hierdie psalm vang Dawid die nood en vertroue van verskillende situasies in een lied saam.
Elke keer was God ’n veilige toevlug vir hom en is hy gered.

Die Here moet geprys word, want Hy het die digter van sy vervolgers gered.
Hy doen dit ter wille van sy Naam.
Sy goedheid is groot.
Hy red die wat by Hom skuil, al lyk dit of hulle al klaar ’n prooi van hulle vervolgers is en asof selfs Hy hulle verwerp het.
Hy straf die opstandiges swaar.
Aan God moet die gelowiges hulle liefde betuig.
Selfs in die grootse bedreiging moet hulle sterk en moedig wees en op Hom bly vertrou.

As Dawid bely dat hy op God vertrou beteken dit twee dinge:

- om totaal van God afhanklik te wees
  en
- om op God te leun vir al jou behoeftes.

**2 Ook vandag is in ons tyd is ons in God se hande.**

Ons is in sy hande. Ons tye is in sy hande.
**Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?**
Dat ons in alle teëspoed geduldig kan wees
Dat ons in alle voorspoed dankbaar kan wees
Dat ons vir die toekoms ’n vaste vertroue in ons getroue God en Vader kan stel

*Vertroue waarop?* Dat geen skepsel ons van sy liefde kan skei nie.
*Hoekom nie?* Want alle skepsels is so in sy hand dat hulle hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie.

**<u>3 Jesus Christus het ons tye in ons Vader se hande geplaas.</u>**

Ons lees in ons teksvers, **<u>Ps 31:6</u>** "In u hande gee ek my lewe oor, want, Here, troue God, U het my vrygemaak."

Geliefdes, dit voel dikwels vir ons of ons in hierdie wêreld alleen is en ja, selfs of God ons verlaat het.
Dit kan wees:

- met groot siektes,
- as ek hoor ek het kanker,
- by die dood van 'n kind,
- die dood van 'n geliefde,
- dit kan gebeur as ek perspektief verloor,
- dit kan gebeur as ons moedeloos word oor die politieke situasie,
- dit kan gebeur om welke rede ookal.

Dan vergaan ons van kommer en swaarkry.
Dit voel of alles en almal my verlaat het.
Ja dit kan selfs voel of die kerk nie meer goed genoeg is nie.
Ek kan moedeloos word en vrae vra.

- ➢ Dit kan voel of God my verwerp het.
- ➢ Maar die goedheid van die Here is groot.

God het aan ons sy Woord en Gees gegee.
Daarom is ons nooit alleen nie.

Op God vertrou ek.
Hy is die lewende God.
God bly onder alle omstandighede by die gelowiges.
Hy bly getrou aan sy beloftes aan sy verbond wat Hy met ons gesluit het.
Hy is onfeilbaar in sy liefde.
Hom wil ek loof.
Op Hom vertrou ek volkome.

**My tye is in U hand!**

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: <u>gskruger1</u>*****<u>@gmail.com</u>**